HELPJAG VERKOELINGSWAENTJIES

GEBRUIKERSHANDLEIDING

Dankie dat u 'n HelpJag-verkoelingswaentjie huur.

Die inkomste wat deur hierdie diens gegenereer word, ondersteun HelpJag se missie om wildsvleis te verwerk en te versprei na behoeftige instansies regoor Suid-Afrika. Elke kilometer wat hierdie waentjie ry, help ons om 'n verskil te maak in die lewens van kinders, bejaardes en ander kwesbare gemeenskappe.

1. SPESIFIKASIES VAN DIE WAENTJIE

Die HelpJag-verkoelingswaentjie is ontwerp vir:

- Vervoer van wildskarkaste
- Vervoer van verwerkte vleis
- Tydelike koel- of vriesberging
- Geleenthede en funksies waar verkoeling benodig word

Afmetings

- Lengte: 3 m
- Breedte: 1.5 m
- Hoogte: 1.2 m

Sleepwa

- Dubbelas-waentjie
- Toegerus met remstelsel
- Maksimum kapasiteit: 2.7 ton

Verkoeling

- Verkoel tot die voorgeskrewe temperatuur soos deur die vervaardiger gespesifiseer.
- Temperatuur word beheer deur die termostaat.

2. VEILIGHEID VOOR VERTREK

Voordat die waentjie gesleep word, moet die volgende nagegaan word:

☐ Sleephaak behoorlik gekoppel

☐ Veiligheidskettings vasgemaak

☐ “Trailerprop” ingeprop

☐ Rem-, flikker- en parkeerligte werk

☐ Jockeywiel in reisposisie en stewig vas

☐ Deure behoorlik gesluit

☐ Bande in goeie toestand

☐ Vrag veilig gelaai

☐ Maksimum vragkapasiteit van 2.7 ton nie oorskry nie

3. GEBRUIK VAN DIE VERKOELINGSTELSEL

Aanskakel

1. Parkeer die waentjie op 'n gelyke oppervlak.
2. Maak seker dat die kragtoevoer geskik is.
3. Koppel die kragkabel.
4. Skakel die verkoelingseenheid aan.
5. Die verkoelingstelsel is vooraf ingestel op -2°C, wat geskik is vir die meeste toepassings waarvoor die waentjie ontwerp is. Om optimale werking en temperatuurbeheer te verseker, versoek ons dat die termostaat nie verstel word nie, tensy vooraf met HelpJag gereël is.
6. Laat die waentjie afkoel voordat produkte gelaai word.

Belangrik

- Hou deure so veel moontlik gesluit.
- Moenie warm produkte in 'n reeds afgekoelde waentjie plaas nie.
- Moenie die verkoelingseenheid bedek terwyl dit in werking is nie.
- Maak seker dat lugvloei binne die waentjie nie geblokkeer word nie.

4. TEMPERATUURBESTUUR

Die huurder bly verantwoordelik vir die monitering van die temperatuur gedurende die huurperiode.

Dit word aanbeveel dat die temperatuur gereeld nagegaan word.

HelpJag aanvaar geen aanspreeklikheid vir:

- Bedorwe produkte
- Temperatuurverliese
- Finansiële verliese
- Onderbrekings tydens gebruik

5. VERPAKKING VAN PRODUKTE

Wanneer vleis of ander produkte gelaai word:

- Versprei die gewig eweredig.
- Plaas swaar produkte onder.
- Moenie die waentjie oorlaai nie.

6. TYDENS VERVOER

Die huurder moet:

- Alle verkeerswette nakom.
- Teen veilige spoed ry.
- Gereeld die vrag en koppeling nagaan.
- Versigtig ry op grondpaaie en ongelyke oppervlaktes.

Die huurder is verantwoordelik vir alle verkeersboetes, skade en oortredings gedurende die huurperiode.

7. SKOONMAAK

Voor terugbesorging moet die waentjie:

- Leeggemaak word.

- Skoon uitgespoel word indien nodig.
- Vry wees van onaangename reuke.

8. BEPERKINGS

Die volgende is streng verbode:

- Oorlaai van die waentjie.
- Gebruik vir onwettige doeleindes.
- Vervoer van gevaarlike chemikalieë.
- Veranderinge aan die waentjie of verkoelingseenheid.
- Onderverhuring aan derde partye.
- Gebruik deur ongemagtigde persone.

9. PROSEDURE TYDENS NOODGEVAL

Kontak HelpJag onmiddellik indien:

- Die verkoelingseenheid ophou werk.
- Die waentjie beskadig word.
- 'n Ongeluk plaasvind.
- Die waentjie gesteel word.
- Enige veiligheidsrisiko ontstaan.

Kontakbesonderhede

Margolé Riekert

074 488 0508

margole@helpjag.co.za

10. TERUGBESORGING

Die waentjie moet terugbesorg word:

- Op die ooreengekome datum en tyd.
- In dieselfde toestand waarin dit ontvang is.
- Onderhewig aan finale inspeksie.

Laat terugbesorging kan addisionele kostes tot gevolg hê.

DANKIE

"Elke kilometer help om kos op iemand se bord te sit."